# Ons KANDELAAR

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Krugersdorp

Jaargang 76 Nommer 31 9 Augustus 2026

## Predikant

Dr. De Wet Saaiman
Wolkbergstraat 11
Noordheuwel
dsaaiman@isat.co.za
072-378-8759
011-954-4775



## Gereformeerde Kerk Krugersdorp

H/v Begin- en Premierstraat, Krugersdorp-Noord
Sel: 072 854 0953 E-pos: skriba@gkkrugersdorp.co.za
GPS: S26 05.389 O27 46.649
Webblad: www.gkkrugersdorp.co.za

## OGGENDDIENS SONDAG 9 AUGUSTUS – Ds Neels Malan

Gehoorsaam gelowig die Woord van God, en oorwin drie bose Satansplanne om dit te vernietig!

1. Gehoorsaam die Woord gelowig, en oorwin die Satan se ongeloofsplan.
2. Gehoorsaam die Woord gelowig, en oorwin die Satan se vormgodsdiens-plan.
3. Gehoorsaam die Woord gelowig, en oorwin die Satan se wêreld-gelykvormigheids-plan.

## SONDAG 9 AUGUSTUS 2026

Kollektes word via SnapScan gedoen of by die deure na die diens.
Eerste sakkie is vir Barmhartigheid.
Tweede sakkie is na die oggenddiens vir die Kerkkas
Die tweede kollekte 16 Augustus na die oggenddiens is vir die EVT en na die aanddiens vir die Kerkkas.

**09:00 Oggenddiens: Ds Neels Malan**

- Geen Kleuterkerk tydens die oggenddiens nie agv langnaweek
- Geen Kinderbediening tydens die oggenddiens nie agv langnaweek
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 32 – Oudl. Frans van Niekerk
- Diakonale Diensbeurt: Groep 1
- Geen Tee/Koffie tydens die oggenddiens nie agv langnaweek
- Geen Katkisasie tydens langnaweek nie

**Geen Aandbyeenkoms nie**

## DIENSBEURTE SONDAG 16 AUGUSTUS 2026

- Kleuterkerk tydens die oggenddiens olv sr Marizel Fasen
- Kinderbediening tydens die oggenddiens olv sr Rentia Koch
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 33 – Oudl. Tiennie Aucamp
- Diakonale Diensbeurt: Groep 2
- Tee/Koffie na die oggenddiens olv sr Rensche van der Merwe
- Katkisasie les: 18

## PROGRAM VIR DIE WEEK 9 TOT 16 AUGUSTUS 2026

**Sondag 9 Augustus**

Vrouedag

**Maandag 10 Augustus**

Publieke vakansiedag (vrouedag)

**Donderdag 13 Augustus**

15:00 Voedingsprojek: Groep A olv sr Hannetjie Harris; Groep B olv sr Nastassja Verster

**Vrydag 14 Augustus**

09:00 Voedingsprojek: Groep A olv sr Hannetjie Harris; Groep B olv sr Nastassja Verster

# VAN HUIS TOT HUIS

**Gelukwense:**

**Baie geluk aan ons 70-Plussers wat verjaar:**

**13 Augustus**

- Br Richard van der Ven (079 772 5205) Wyk 19

**Baie geluk aan ons  lidmate wat verjaar:**

**11 Augustus**

- Br Rudolf de Korne (064 672 4414) Wyk 4

**12 Augustus**

- Sr Hannelie Germishuys (083 462 6212) Wyk 5
- Br Charles Moss jnr (0716120452) Wyk 16
- Br Wimpie Naude (082 818 9194) Wyk 4

**13 Augustus**

- Sr Suzaan Alberts (079 496 7965) Wyk 19
- Br Francois Germishuys (071 898 2007) Wyk 5
- Sr Zante Gravett (062 199 6306) Wyk 18

**14 Augustus**

- Br Loutjie J.v Rensburg (082 336 5859) Wyk 26

**Baie geluk aan die volgende egpaar met die herdenking van hul huwelik.**

**16 Augustus**

- Br Francois en sr Sheila-Ann Joubert (073 894 2058) Wyk 28 met hule 58ste herdenking.

**Lief en Leed**

- Ons betuig ons meegevoel met sr Vick en br Schalk Kitshof (083 468 4327) Wyk 5 met die afsterwe van Schalk se pa na 'n lang siekbed. Mag die Here hulle vertroos en versterk in die moeilike tyd.
- Ons doen voorbidding vir br Manie Erasmus (071 479 7936) Wyk 11 wat tuis aansterk. Beterskap en spoedige herstel word hom toegewens.
- Ons dink in ons gebede aan br JP en sr Charlotte van Wyk (082 841 5322) Wyk 3 en gesin. Daar is verlede week by hulle ingebreek. Ons is dankbaar dat hulle ongedeerd is, maar daar is skade aan hulle eiendom. Mag die HERE julle verseker van sy trou en genade in en deur die trauma.

## KENNISGEWINGBORD

**Kollektes: 2 August 2026**
R 1484.00 Oggend: Barmhartigheid
R 644.00 Oggend: Deure/ Korrekt diens.
R 140.00 Aand: Barmhartigheid
R 130.00 Aand: Deure/ Kerkkas

**SnapScan: 2 August 2026**
R Oggend: Barmhartigheid
R Oggend: Deure/ Korrekt diens.
R Aand: Barmhartigheid
R Aand: Deure/ Kerkkas

## *PREEKPROGRAM – DERDE KWARTAAL 2026*

**2026 Jaartema: Die Jaar van God se genade**
**Kwartaaltema: Koninkrykstyd**

9 Augustus (Geen aanddiens – Langnaweek)
Oggend: ds Neels Malan

16 Augustus
Oggend: Dr De Wet – Koninkrykstyd – 'n Gebed om die Koninkryk van God - Psalm 72 (T = Ps 72:1-2, 18-19).
Aand: Dr De Wet – Aandbyeenkoms – Bybelskool en Katkisasie – Die Evangelies: Lukas en Handelinge

23 Augustus (Voorbereiding)
Oggend: Dr De Wet – Koninkrykstyd – Jesus se eerste preek: Bekeer julle, want die koninkryk is naby! Matteus 4:12-17 (T = Matt. 4:17).
Aand: Dr De Wet – Aandbyeenkoms – Bybelskool en Katkisasie – Sendbriewe: Romeine

30 Augustus (Nagmaal) (Geen aanddiens)
Oggend: Dr De Wet – Nagmaal – Niks is beter as God se nabyheid nie! Psalm 73 (T = Ps. 73:28a).
Oggend: Dr De Wet – Nabetragting – God hou Sy twyfelende verbondskind vas! Psalm 73 (T = Ps. 73:23)

6 September
Oggend: ds Jannie van der Schyff - Koninkrykstyd – Grootheidswaan pas nie in God se koninkryk nie – Daniël 4.
Aand: Dr De Wet – Aandbyeenkoms – Bybelskool en Katkisasie – Sendbriewe: 2 en 2 Korintiërs

13 September
Oggend: Dr De Wet – Koninkrykstyd – Spykers in diens van God se Koninkryk! 1 Kronieke 29:1-9 (T = 1 Kron. 29:2).
Aand: Dr De Wet – Aandbyeenkoms – Bybelskool en Katkisasie – Sendbriewe: Galasiërs, Efesiërs, Filippense en Kolossense

20 September
Oggend: Dr De Wet – Koninkrykstyd – Ons Koning het ons bestem om saam met Hom te lewe! 1 Tessalonisense 5:1-11 (1 Tess. 5:9-10).
Aand: Dr De Wet – Aandbyeenkoms – Bybelskool en Katkisasie – Sendbriewe: 1 en 2 Tessalonisense

**SKOLE SLUIT (3 OKTOBER)**

27 September (Geen aanddiens) (Dr De Wet met verlof)
Oggend: ds Jannie van der Schyff - Koninkrykstyd – In God se koninkryk is Christus ons vrede – Efesiërs 2:14.

4 Oktober (Geen aanddiens) (Dr De Wet met verlof)
Oggend: ds Jannie van der Schyff - Koninkrykstyd – God se koninkryk oorskry grense – Handelinge 8:26-40

**SKOLE OPEN (6 OKTOBER)**

## *Die Voedingsprojek*

Ons wil graag vir die susters van Gereformeerde Kerk Krugersdorp-Wes, hartlik verwelkom by ons voedingsprojek.  Die susters onder leiding van Thesca van Tonder gaan van hierdie kwartaal af deel wees van ons spanne wat broodjies voorberei vir Laerskool Ebenhaeser en Hoërskool Nic Diedericks.
Krugersdorp-Wes se susters het aangebied om met hulle beurt die brood, margarien en plastieksakkies self by te dra.  Ons gemeente sal steeds die koue vleis voorsien sodat die broodjies deurlopend op dieselfde manier aangebied word.
Namens al die dames van Krugersdorp Gemeente se voedingsprojek, hartlik welkom en baie dankie vir julle diensbaarheid en bereidwilligheid. Ons is baie dankbaar om saam met julle kragte in te span vir hierdie mooi projek.

Die syfers waarmee ons tans werk is as volg:
14 Brode vir Laerskool Ebenhaeser = 126 toebroodjies
7 Brode vir Hoërskool Nic Diedericks = 63 toebroodjies
4 Brode vir Laerskool Millenium = 36 toebroodjies

Hoe kan u betrokke raak by ons voedingsprojek:

1. Die projek kan net gebeur en voortgaan met die nodige fondse. Enige finansiële bydrae sal altyd baie waardeer word.  U kan elektronies in die kerk se bankrekening inbetaal of in `n koevert by die kerkdeure, duidelik gemerk: Voedingsprojek.
2. Enige skenkings is ook baie welkom.  Indien u dalk margarien of plastieksakkies wil skenk sal dit hoog op prys gestel word.
3. Ons wil asb vir u voorbidding vra.  Wanneer u vir ons gemeente bid dink ook asb aan hierdie projek. Dit kan net suksesvol wees met die Here se guns en seën sodat dit tot uitbreiding van Sy Koninkryk kan wees.

Vriendelike groete Marisa vd Walt (0847654242)

Bankbesonderhede:
Rekeningnaam:  Gereformeerde Kerk Krugersdorp
Bank:  FNB
Takkode:  255355
Tjekrekening:  62876026511
Verwysing:  Voedingsprojek

## *Koningskinders - Julie 2026 maandbyeenkoms*



Saterdag 25 Julie 2026 was ‘n lieflike sonskyn dag, net reg vir buite speel en eet. Soos wat die kinders arriveer kom soek hulle eers hulle broodjies en dan gaan speel hulle saam met Magda op die rugbyveld.

Moeg gespeel het elkeen ‘n sitplek gekry sodat Clasina met die geestelike deel van ons program kon begin. Sy het 1 Petrus 2 vers 9 vir hulle gelees. Die woord identiteit is aan hulle verduidelik en na aanleiding daarvan het hulle besef dat geen twee mense dieselfde is nie.  Ons behoort egter aan ‘n groep byvoorbeeld kerk, familie, koningskinders ensovoorts. Na aanleiding van hierdie vers besef ons dat ons as Koningskinders aan Jesus behoort. Ons is sy uitverkorenes. Omdat ons aan die Here behoort moet ons dus anders optree. Ons moet God en ons naaste liefhê, gehoorsaam wees en aan ons geloof bly vashou, en daarteen waak dat die ou duiwel nie ons identiteit as kinders van die Here moet steel nie.



Op die spyskaart was heerlike sop en vetkoek. Ek kon dit nie glo toe die kinders bly terugkom vir nog sop en vetkoek nie. Toe eers sien ek wat die geheim is. Die vetkoek word in stukkies gebreek en dan in die sop gedoop. Vir hulle padkos huis toe was daar ‘n muffin vir elkeen – groot bederf. ‘n Dogtertjie het gekla oor pyn op haar maag want die kos was so lekker.



Dankie vir die handvol mense wat maar elke keer bereid is om te kom help. Die grootste dank gaan aan ons Here wat ons elke maand die krag, middele en hande skenk om hierdie kinders vir twee ure in ‘n maand van al hulle ellende te laat vergeet. En glo my, die ellende word al hoe groter.

Hannetjie Harris

## *Oor niks anders*

- **1 Korintiërs 2:2**: "*Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde.*"

Paulus het vir sy tyd 'n deeglike teologiese opleiding gehad. Hy het lank onder Gamaliël in Jerusalem die Ou Testament bestudeer, en ná sy bekering op pad na Damaskus het Hy eers na 14 jaar met sy eerste sendingreis begin. As hy met al hierdie kennis begin preek, stel hy dit baie duidelik wat die inhoud van preke en briewe is: *Jesus Christus!* Meer spesifiek: "*Ek het my voorgeneem om met julle oor* ***niks anders*** *te praat nie as oor* ***Jesus as die Christus****, en wel oor Hom as die* ***gekruisigde****.*" (*1 Kor. 2:2*) Christus as die gekruisigde, en natuurlik daarmee saam: Jesus wat opgestaan het uit die dood (Hand. 17:31; 1 Kor. 15:20 ev), sy hemelvaart en sy wederkoms (1 Tes.1:10). Jesus Christus staan vir Paulus – eintlik vir God, want Paulus is net 'n instrument van die Heilige Gees – sentraal in sy prediking.

En só is dit in die hele Bybel – die Ou en die Nuwe Testament.

Dat Jesus Christus in die Nuwe-Testamentiese boeke sentraal staan, is eintlik voor die hand liggend. Maar wat nou van die Ou Testament? Wel – die Nuwe Testament self sê dat dit in die Ou Testament oor Christus gaan. Kyk maar net na die volgende drie tekste:

- Jesus het in **Lukas 24:44**, waar Hy na sy opstanding met die twee manne op pad na Emmaus is, gesê "*dat alles vervul moet word wat in die wet van* ***Moses*** *en in die* ***profete*** *en* ***psalms*** *oor My geskrywe is.*"

- **Johannes 1:45**: "*Filippus kry toe vir Natanael en sê vir hom: 'Ons het Hom gekry van wie* ***Moses*** *in die wet geskrywe het en van wie die* ***profete*** *ook geskrywe het. Dit is Jesus van Nasaret, die seun van Josef.'*"

- **Johannes 5:46**: "*As julle* ***Moses*** *geglo het, sou julle in My geglo het, want* ***hy het van My geskrywe****.*"

"Moses" verwys in die Nuwe Testament soms na die eerste vyf boeke van die Ou Testament, en soms na die hele Ou Testament. Dit is dus baie duidelik dat die hele Bybel (Ou en Nuwe Testament) oor Christus gaan, Christus verkondig.

Soms is dit maklik om te sien hoe van Jesus Christus in die Ou Testament geskrywe staan; ander kere weer moeilik. Onthou: Christus, as die tweede Persoon in die Drie-Eenheid, is van ewigheid af God en is deur die hele Ou Testament werksaam. God het immers deur sy Seun, Christus, die wêreld geskep (Heb. 1:2). Ek wys op enkele “maklike” maniere waarop Christus in die Ou Testament as Messias openbaar word:

- **Psalm 23:1**: “*Die Here is my herder, ek kom niks kort nie.*” Lees hiermee saam waar Jesus in **Johannes 10:14** sê: “***Ek is** die goeie herder.*” – dan is dit duidelik dat Psalm 23 van Jesus praat. Verder: Met die woorde “*Ek is*” verwys Jesus terug na Eksodus 3:14 waar God vir Moses sê hy moet vir die volk sê: “***Ek is** wat Ek is. Jy moet vir die Israeliete sê: ‘**Ek is’** het my na julle toe gestuur*.” Met ander woorde: Jesus openbaar Hom in die lig van die Ou Testament as dat Hy werklik God is.

- **Jesaja 53:4-5**: “*Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra. Maar ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word. Oor óns oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom.*” Hier word Christus as die beloofde Messias as’t ware aan die kruis vir ons afgeskilder waar Hy in ons plek gesterf het.

- **Genesis 3:15** staan bekend as die moederbelofte, die eerste van alle beloftes: “*Ek stel vyandskap tussen jou* [die slang, die satan] *en die vrou, tussen jou nageslag en haar nageslag. Haar nageslag sal jou kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt*.” “Haar nageslag” is uiteindelik Christus wat vir die satan oorwin het (Hy het elke versoeking van die duiwel weerstaan), sy kop vermorsel het, en hom en sy bose engele in die poel van vuur sal werp (Open. 20:10).

'n Baie belangrike openbaringshistoriese lyn (een van baie – w.o. Koninkryk, verbond, belofte, genade, e.a.) wat ons in die Ou Testament kry en waarmee God Homself en sy optrede aan ons openbaar, is wat ons kan noem die *dood-lewe-lyn* – of nog beter: *God gee telkens aan sy volk en aan sy kind die* [ewige] *lewe ondanks die dood*. 'n Paar voorbeelde verduidelik dit.

- **Moses** moes eintlik gesterf het saam met ander Joodse kindertjies. Maar God beskik dit so dat Hy bly lewe. God gee lewe ondanks die dood (Eks. 2).

- Met die tiende plaag laat God al die **eersgeborenes** in Egipte sterf. Maar Israel se eersgeborenes sterf nie, omdat hulle 'n paaslam geslag het. Hy het hulle met die dood oorgeslaan. Pasga beteken oorslaan. Hulle eersgeborenes bly lewe (Eks 12).

- **Josef** moes eintlik gesterf het, maar God beskik dit so dat hy bly lewe (Gen. 37).

- **Jakob** en sy uitgebreide familie moes van die hongersnood gesterf het, maar omdat Josef onderkoning in Egipte was, kon hulle bly lewe. In **Genesis 45:5** sê hy vir sy broers: "*Maar julle moet nou nie sleg voel of bang wees omdat julle my verkoop het nie, want **God het my voor julle uit gestuur om lewens te red**.*"

- Toe **Israel** uit Egipte trek, kom die Egiptiese leer van agter af en die Rooi See lê voor hulle. Dit spel net een ding vir Israel uit: die dood. God kloof egter die Rooi See voor hulle oop en hulle trek op droë grond deur terwyl die hele Egiptiese leer "*tóé* [is] *onder die water*" (**Eks. 14:28**). God laat sy volk lewe ondanks die dood. Net so doen God dit ook in die woestyn vir veertig jaar.

Só is God: Hy laat sy kind lewe ondanks die dood. Die finale vervulling van al hierdie gebeure van die ganse Ou Testament, wat 'n skaduwee was van wat sou kom, is deur Christus vervul. Hy het bly lewe ondanks die dood aan die kruis – én: Jy wat in Hom glo, bly ook lewe al het jy ook gesterwe (Joh. 11:25-26). Jy het saam met Christus uit die dood opgestaan (Rom. 6:4-5, Fil. 3:10-11). Daarom dat Paulus sê: "*Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde.*" – én opgestane Here (1 Kor. 15).


(U sal merk dat as dr. De Wet uit die Ou Testament preek, hy konsekwent Christus uit die Ou Testament verkondig.)

– André Grové

## *Lentetee 2026*

Kom kuier heerlik saam om die Lente te vier.
**Datum**: Saterdag 5 September
**Tyd**: 10:00-12:00
**Plek**: Kerksaal
**Koste**: R60 per persoon
Koop 'n kaartjie by enige van die Blokleiers

## *Gedagte vir die week*



En Jesus sê vir hulle:
Kom agter My aan,
en Ek sal maak dat julle vissers van mense word.
Markus 1:17

## *Bankbesonderhede*

Die besonderhede van die FNB-bankrekening is soos volg:
Rekeningnaam: Gereformeerde Kerk Krugersdorp
Bank: FNB
Takkode: 255355 (My Branch)
Tjekrekening: 62876026511
Verwysing: Lidmaatnommer of Van; Spesifiseer asseblief waarvoor die EFT-betaling toegewys moet word

## *Ons Kandelaar Proeflesers*

Dr De Wet Saaiman (072 378 8759) en srs Corry Faling (082 421 8380); Maryke Coetsee (071 677 1381); Anne-Marie Venter (082 819 3272); Janet du Plooy (066 0022 991); en Meisie Naudé (083 655 5419); asook br Piet de Weerdt (083 455 6489).

## *Hoe gee ek my kerklike bydraes?*

- Direkte betaling - Direk in die bankrekening van die kerk via internet (EFT) of ’n aftrekorder:
  Bank: FNB tjekrekening; takkode: 250655; rekeningnommer: 62876026511
- Koevert – plaas die koevertjie in die kollektesakkie of in die kassie wat daarvoor by die deure aangebring is. Koeverte is agter in die kerk en in die konsistorie beskikbaar.
  Gebruik asseblief u lidmaatnommer saam met u naam en van wanneer u betalings maak. Spesifiseer spesiale bydraes en kollektes waar toepaslik.
- Debietorder – Debietorders word maandeliks deur die kerkkantoor van u bankrekening verhaal. Aftrekorder-vorms is in die konsistorie of by die kerkkantoor beskikbaar.
- SnapScan en PayPal – bydraes en kollektes kan ook afgedra word deur die toepaslike QR-kode te gebruik.